

12 November1 Tessalonisense 3:1-13; (Teks: 3:7,8)

Die kragtige getuienis van gelowiges se volharding

Bewus van al die gevare wat die gemeente bedreig, stuur Paulus vir Timoteus na die gemeente van Tessalonika om te gaan kyk hoe dit met hulle gaan. Hy onthou nog hoe die gemeente onder moeilike omstandighede die Woord met die blydschap van die Heilige Gees ontvang het. Die gemeente het 'n voorbeeld geword van ware gelowiges in die wêreld van daardie tyd. Maar die beproewing en vervolging van die Satan kan hul laat wankel. Paulus kan nie toelaat dat die gelowiges weer deur hul omgewing verlei word en God se genade tevergeefs blyk te wees nie.

Timoteus gaan om hulle te bemoedig en te versterk, maar keer self terug met 'n baie positiewe verslag. Hulle beskik nog oor die volle krag van Christelike geloof en liefde. Hulle onthou goed wat hulle geleer het en volhard steeds in tere navolging van Jesus Christus. Dit is met onwrikbare vaste vertrouwe op God se almag in hul lewe dat die gemeente hulle nie deur hul omgewing laat verswelg nie. Dit is met sigbare tekens van die Gees se leiding dat ander aan hul lewe kan sien. Hulle lewe getuig van bestendige groei en 'n sekere vastigheid waaroor die ander inwoners nog nie beskik nie. Dit wat Paulus gehoor het, het hom verder versterk om sy werk met vreugde te gaan doen. Ons geloofsluwe spreek ook ander mense om ons aan. Geen gesin of gemeente leef op 'n eiland nie. Laat dit dan sigbaar word dat u u voorspoed en sukses met dankbaarheid uit God se Hande ontvang. Loof Hom daarvoor en u maak ander om u wakker vir dit wat hulle ook ontvang uit genade. Dra u kruis met waardigheid en u vuur ander aan om ook hul beproewing met geloofsvertroue te dra. Staan sterk teen die Satan en blaas so geesdrif in ander wat al moed wil verloor. Wat sien mense by ons, wat hoor hulle by ons om hulle verder op hul pad mee te versterk?

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)